



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

## GRONDSLAGFASE

**GRAAD 3**

**NOVEMBER 2016**

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**PUNTE: 40**

**TYD: 1 uur**

**NAAM:** \_\_\_\_\_

**VAN:** \_\_\_\_\_



\_\_\_\_\_

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

\_\_\_\_\_

## INSTRUKSIES AAN LEERDERS

1. Lees die instruksies en vrae deeglik deur.
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel.
3. Die onderwyser sal die praktiese oefeninge met jou deurgaang voordat jy met die toets begin.
4. Die toets tel 40 punte.
5. Die toets duur 60 minute.

## PRAKTIESE OEFENING

1. Omkring die letter langs die regte antwoord.  
Wat gee koeie vir ons?

- A brood.
- B melk.
- C konfyt.
- D tee.

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy B omkring het.

2. Omkring die regte woord tussen hakies.

Ek het my (tant/tand) verloor.

Jy het die vraag reg beantwoord indien jy die woord tand omkring het.

3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Die son gee vir ons ...

water	
kos	
lig	
wind	

Jy het die vraag reg beantwoord as jy 'n kruisie (x) in die blokkie langs die woord lig gemaak het.

4. Die sinne hieronder vertel ons hoe om ons tande te borsel.

Nommer die sinne (1-4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui wanneer jy jou tande borsel.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Maak die tandeborsel nat.	
Spoel jou mond uit.	
Borsel jou tande.	
Sit dan tandepasta op die tandeborsel	

Jy het die vraag reg beantwoord as jy die sinne in die regte volgorde (2; 4; 3; 1) genommer het.

In jou toets sal jy nog vrae soos hierdie kry om te beantwoord.

Die toets begin op die volgende bladsy.

Lees die storie en beantwoord die vrae 1 - 6.

'n Ma en 'n pa het een seun gehad. Ongelukkig het hierdie kind met die verkeerde soort seuns maats gemaak. Hierdie seuns het hom aangemoedig om verkeerde dinge te doen, soos om sy ouers te verontagsaam, te steel en ander mense seer te maak. Sy ouers was baie ontsteld oor al die dinge wat hy saam met hierdie seuns aangevang het. Hulle het hul bes probeer om hom te leer wat reg is, maar niks het gehelp nie.

Eendag het die pa 'n plan beraam om hul seun 'n les te leer. Hy het winkel toe gegaan en daar 'n klompie vars aartappels en een vrot aartappel gekoop. Tuis gekom het hy sy seun geroep en hom gevra om al die aartappels in 'n sak in die kombuis te gaan bêre.

Na 'n paar dae vra hy die seun om die aartappels te gaan haal. Toe hy die sak oopmaak was die seun baie verbaas om te sien dat al die aartappels vrot geword en baie sleg geruik het. Hy het gewonder hoe dit kon gebeur het, want behalwe vir die een vrot aartappel, was al die ander aartappels vars.

Sy pa het aan hom verduidelik dat dit slegs een vrot aartappel neem om al die ander vrot te laat word. Hy het verder verduidelik dat dieselfde beginsel in die lewe geld: Indien jy met die verkeerde soort mense meng, sal jy kort voor lank net soos hulle word.

Nadat die seun 'n bietjie nagedink het oor sy pa se wyse woorde, het hy besluit om sy ou vriende te los en nuwe vriende te soek.

Sy ouers was baie gelukkig om te sien dat sy gedrag verander het, want hulle was baie lief vir hom.

1. Skryf 'n geskikte titel vir die storie.

(1)

2. Omkring die letter langs die regte antwoord.  
Wie het aan die plan gedink?

- A Ma
- B Pa
- C Seun
- D Vriende

(1)

3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die korrekte antwoord.  
Waarom was die seun se ouers so bekommerd?

Hulle seun was ongehoorsaam.	
Hulle seun was 'n goeie voorbeeld.	
Die aartappels was almal sleg.	
Een aartappel was vrot.	

(1)

4. Dui die regte volgorde van gebeure in die storie aan.  
Nommer die sinne (1- 4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.

Die pa het die aartappels gekoop.	
Al die aartappels het sleg geword.	
Die seun het die aartappels in 'n sak gesit.	
Die pa het aan 'n plan gedink.	

(1)

5. Watter lewensles kan ons van die storie leer?

Ons kan leer om ...

(1)

6. Watter soort gedrag kan ons van 'n goeie vriend verwag?

(1)

7. Kyk na die advertensie en beantwoord VRAE 7.1 en 7.2.

**Kom koop**

**Koekverkoping**

**Vrydag**

**10 Oktober**

**1<sup>ste</sup> pouse in the saal**

**R4 elk**

**50c elk**

**50c elk**

**R2**

**Heerlike  
smaaklike  
eetgoed   
en BAIE meer.**

7.1 Onderstreep die regte antwoord.

Waar dink jy gaan hierdie koekverkoping aangebied word?

- A 'n kliniek
- B 'n polisiestasie
- C 'n skool
- D 'n kerk

(1)

7.2 Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.  
Die koekverkoopning neem plaas op 'n ...

Dinsdag	
Vrydag	
Sondag	
Woensdag	

(1)

8. Skryf die sinne oor in die:

8.1 verlede tyd

Ma maak aandete en bak beskuit.

.....  
.....  
.....  
.....  
.....

(2)

8.2 teenwoordige tyd

Ons het ons lekkers geëet en ons koeldrank gedrink.

.....  
.....  
.....

(2)

9. Lees:

9.1 Omkring TWEE selfstandige naamwoorde in die sin hieronder.  
Die kinders koop springmielies. (2)

9.2 Omkring TWEE voornaamwoorde in die sin hieronder.  
Gedurende pouse het hulle hul lekkers geëet. (2)

9.3 Omkring EEN voegwoord in elkeen van die sinne hieronder.

a. Die meisies hou van koek maar die seuns hou meer van lekkers. (1)

b. Die son skyn en die wind waai. (1)

10. Kyk na die prente en voltooi die sinne.

10.1 Ouma brei twee  \_\_\_\_\_ (1)

10.2 'n Baba skaap is 'n  \_\_\_\_\_ (1)

10.3 Onderstreep die regte voorsetsel.  
Die prent hang (op / teen) die muur. (1)



II. Skryf die volgende sinne oor. Vul TWEE leestekens in elke sin in.

II.1 Die kinders eet beskuit lekkers en springmielies

.....  
.....  
..... (2)  
.....

II.2 van watter roomys hou jy die meeste: sjokolade of aarbei

.....  
..... (2)  
.....

II.3 Nee skreeu die kind.

.....  
..... (2)  
.....

12. Omkring die regte werkwoord tussen hakies.

12.1 Die lekker was baie (hart/hard). (1)

12.2 Die kinders (lag/laag) vir mekaar. (1)

13. Lees die tabel en beantwoord vraag 13.1 - 13.3.

Familie Dienslys		
Naam	Maandag, Woensdag en Vrydag	Dinsdag en Donderdag
Ma	Kombuis uitvee	Honde kos gee
Pa	Skottelgoed was	Vullisblik leegmaak
Vuyo	Skottelgoed af droog en wegpak	Kombuis uitvee
Anna	Honde kos gee	Skottelgoed was
Lino	Vullisblik leegmaak	Skottelgoed af droog en wegpak

13.1 Ma vee die kombuis uit op Maandag, Woensdag en Vrydag. Wie vee die kombuis gedurende die res van die week uit? (1)

---

13.2 Wie was die skottelgoed op Donderdag? (1)

---

13.3 Noem EEN familielid wie gedurende die week die vullisblikke leegmaak. (1)

---

13.4 Skryf DRIE sinne oor jou pligte tuis. (3)

---



---





















---



---

14. Lees die grafiek en beantwoord VRAE 14.1 en 14.2.

Lekkernye

Aantal kinders	7				
	6				
	5				
	4				
	3				
	2				
	1				
	beskuit jies	suigstokkies	roomkoekies	lekkers	

14.1 Omkring die letter langs die regte antwoord. Vergelyk wat die kinders by die koekverkoop gekoop het. Watter item het die meeste verkoop?

- A beskuit jies
- B suigstokkies
- C roomkoekies
- D lekkers

(1)

14.2 Omkring die letter langs die korrekte antwoord. Hoeveel meer kinders koop lekkers as beskuit jies?

- A 5
- B 2
- C 3
- D 1

(1)

15. Skryf **TWEE** paragrawe van ten minste **TIEN** sinne in totaal oor jou skoolvriende. Maak seker dat jy die korrekte taal, spelling en leestekens gebruik.

Moenie jou sinne nommer nie!

My skoolvriende

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

(6)

TOTAAL: 40